Gebed brief week nr. 3: (6 Augustus 2018)

Ons dierbare broer / suster in Christus.

Dankie dat jy saambid vir ons pragtige land. Ons glo Suid Afrika het ’n “Tipping point” bereik, ‘’n punt waar ons op die rand van ’n katastrofiese afgrond staan. Net die Here kan ons red hiervan en daarom hierdie gebed inisiatief. Genadiglik hoef ons nie te wonder of die Here ons wil of sal help nie - Hy bevestig dit op talle plekke in Sy woord, b.v. “*en roep My aan in die dag van benoudheid – Ek SAL jou uithelp en jy sal my eer.”(Ps. 50:15)*

Suid Afrikaanse Christen: Ons het ’n belofte van die Here – kom ons roep Hom aan soos nooit tevore nie – Hy SAL ons uithelp en ons sal Hom al die eer gee!

Die 2e stel Tipping point gebed punte is nou beskikbaar onder die opskrif: Punte vir gebed.
Dit verskil nie te veel van die vorige nie, kom ons bly roep en vra totdat God antwoord. Ons vra elke bidder om getrou daagliks te bid vir die onderwerpe soos gelys, weereens geniet die hofsaak 21 Augustus prioriteit. Verskeie bidders het reeds bevestig hulle glo die Here staan op die punt om iets groot te doen in hierdie hofsaak. Kom ons vertrou die Here vir ’n wonderwerk wat die Woord van God se outoriteit bevestig, die kerk se stem bewaar, en groot eer aan God se naam bring.

Die 2e stuk lering oor 2 Kron. 7:13-15 is ook beskikbaar onder die opskrif: Lering materiaal. Ons vertrou dit sal tot seën wees.

Tot volgende keer

MPG gebed span.